**Skriflesing:** 1 Korintiërs 15:1-11
**Tema:** Sy opstanding laat my opstaan.

Daar is niks nuuts onder die son nie. In die tyd van die skrywe van die brief aan die Korintiërs was daar mense wat die opstanding van Christus, en veral sy liggaamlike opstanding, bevraagteken het. En van hieruit het hulle natuurlik ook mense se opstanding uit die dood bevraagteken.
Ander weer het ons fisieke liggaam as minderwaardig beskou. Van die Grieke het die liggaam as tronk van die gees gesien. Hierdie "fake news" is deur baie geglo.

Ons kan met redelike sekerheid aanvaar dat die gemeente in Korinte wel aanvaar het dat Jesus uit die dood opgewek is, maar onseker was oor wat dit vir hulle beteken het. Hulle wou onder andere weet dat, as hulle dan ook soos Jesus uit die dood sou opstaan, wat sou die aard van hulle opstandingsliggaam wees? Ons gaan veral die volgende 2 sondae hierby stilstaan.

As in ag geneem word dat 1 Korintiërs amper 'n 10 jaar voor die eerste van die vier Evangelies geskryf is, dan is 1 Kor 15:3-5 waarskynlik die oudste geskrewe belydenis oor die opstanding van Jesus waaroor ons beskik.

Paulus herinner die gemeente aan die goeie nuus, wat hy verkondig, hulle aanvaar het en gevestig daarin staan.

Die evangelie, of goeie nuus, is dat ons deur Jesus Christus verlos word. Dit is die kern van ons geloof.
Hy het vir ons sondes gesterf en so begin ons verhouding met God begin herstel. Hy is begrawe en daarom weet ons verseker dat sy dood nie maar 'n skyndood was soos sommige beweer het nie. En omdat hierdie dinge reeds in die Bybel opgeteken staan, weet ons dat dit nie uit die duim gesuig is nie. (Jes 53:12; Psalm 22 en Hosea 6:2 wat verwys na herstel wat op derde dag deur God gewerk word)

Maar Jesus het nie net gesterf en is begrawe nie, Hy is ook opgewek.
In John Masefield se Trial of Jesus, vra Pontius Pilatus se vrou aan die Romeinse soldaat wat Hom gekruisig het: "Dink jy Hy is waarlik dood?" "Nee, edele vrou." antwoord die soldaat. "As Hy nie dood is nie, waar is Hy dan?" wil sy verder weet. "Los in die wêreld, edele vrou "antwoord die soldaat: "los in die wêreld waar niks en niemand Hom of Sy waarheid kan keer nie!"

Jesus is opgewek. Sy liggaam en gees het opgestaan en mense het Hom herken. Dit is ook 'n aanduiding dat ons liggame nie minderwaardig of 'n tronk van ons gees is nie.

Maar wie is die mense aan wie Hy verskyn het en watter verskil het dit in hul lewens gemaak? Paulus probeer nie 'n volledige lys gee nie. Jesus het byvoorbeeld eerste aan vroue verskyn na wie hy glad nie hier verwys nie. Waarskynlik dink Paulus onder andere hier aan mense wie se lewens radikaal verander het.

Hy verskyn aan Sefas, wat ons beter ken as Petrus, die verloënaar.
Drie maal het Petrus onder druk gesê dat hy Jesus nie ken nie. Die laaste keer het hy gevloek en gesweer dat hy Jesus nie ken! Hy staan geestelik saam met Jesus op en Jesus herstel hom in sy bediening.
In Handelinge 4 staan dieselfde Petrus en Johannes voor die Joodse raad wat hulle met dreigemente verbied om weer in die Naam van Jesus met iemand te praat.

En hulle antwoord in Handelinge 4:19-20: "[19]Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God. [20]Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie."

Die 12 dissipels het Jesus in die steek gelaat. Behalwe vir Johannes was hulle skoonveld toe Jesus aan kruis hang en sterf. Hulle staan saam met Jesus op. Wêreldwyd is hulle die eerste onverskrokke getuies van sy opstanding. Baie van hulle boet met hulle lewens hiervoor.

Paulus skryf hier dat Jesus aan meer as 500 broers tegelyk verskyn het. Ook weet niks verder van hierdie verskyning nie.

Hy het aan die apostels verskyn. Die apostels was in die eerste plek die 12 dissipels, maar dit was ook mense wat Jesus geken het en deur Hom geroep en gestuur is om die evangelie uit te dra.

Hy het aan Sy eie ongelowige broer, Jakobus verskyn. Ons lees in Johannes 7:5: "Selfs sy broers het nie in Hom geglo nie." Hy staan geestelik saam met Jesus op en word 'n leier van die kerk in Jerusalem. Dit is ook waarskynlik hy wat die Bybelboek Jakobus geskryf het.

Hy het ook aan Paulus oppad na Damaskus verskyn. Volgens Paulus was hy die een wat dit die minste verdien het.
Hy noem homself die "ontydig geborene." Dit kan wees dit hy hiermee wil sê dat hy te laat gebore is. Hy het nie Jesus hoor preek of Hom nie gesien siekes gesond maak nie.
Meer letterlik vertaal noem hy homself ook die: "misgeboorte." As Jesus nie ingegryp het, het hy nie gelewe nie. As Saulus was hy lank op die pad van die dood. Hy was 'n toegewyde Fariseer. Hy was 'n vyand van Christene wat hulle vervolg en seergemaak het. Hy het hulle in die tronk gegooi en laat doodmaak omdat hulle in Christus geglo het.
Dan verskyn die opgestane Here aan Saulus en, deur die genade van God, is Hy onherroeplik en onherkenbaar verander.
Die vervolger word nou 'n navolger van Jesus Christus. Dit alles is net genade. God se onverdiende goedheid laat Paulus wees wie Hy is. Genade gee hom nuwe lewe as getuie van die Here en maak hom die invloedrykste van alle boodskappers van die Here.

Hy werk harder as enige iemand anders. Hy moes harder werk, ook omdat hy vroeër 'n Fariseer en vervolger van die kerk was. Hy is meer as enige ander apostel vervolg. En hy moes van vorige vyande, vriende en vertrouelinge maak.

Die goeie nuus vir ons is dat God se "vreemde genade" vir alle mense, vir verloënaars, verlaters, ongelowiges, ontydig geborenes en ook vir my en jou is. Dit is deel van die hartklop van die evangelie.

Die goeie nuus is vandag steeds: Omdat Hy opgestaan het, sal ons wat aan Hom behoort ook, soos Hy, met verheerlikte liggame van die verderf bevry, uit die dood opstaan en vir ewig leef. Ons gaan meer daaroor in volgende 2 weke gesels.

Ons mag nie leef asof Jesus nog dood is nie.
Jesus het vir ons sondes gesterf en Hy is begrawe. Maar Hy het ook opgestaan. Hy maak dit vir ons almal moontlik om saam met Hom op te staan uit sondedood na lewe.

Sy opstanding verander ons. Hy maak van ons sy getuies en sy leiers.
Sy opstanding vir en in en deur ons, maak van ons nuwe mense - mense wat uit dankbaarheid nie anders kan of wil as om hard te werk vir Hom nie.
Amen